SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

NASIONALE KANTOOR
NATIONAL OFFICE

t: 012 436 0900 / e: saou@saou.co.za / w: www.saou.co.za

Nasionale Nuusbrief / National Newsletter

30/2019

29/07/2019

VERKIESING VAN SAOU LEIERS 2019

SAOU lede moet kennis neem dat die huidige drie-jaar termyn van die demokraties verkose SAOU leiers op provinsiale- en nasionale vlak einde 2019 ten einde loop. Dus, SAOU lede sal weer leiers moet identifiseer, formeel nomineer en later verkies vir die termyn 2020 tot 2022.

Alle SAOU lede moet kennis neem dat Verkiesingsnuusbrief 1 van 2019 vanaf **26 Augustus 2019,** vanuit die SAOU provinsiale kantore aan lede versend sal word, waarvolgens die demokraties verkose leiers vir die volgende termyn van drie jaar verkies moet word. SAOU lede word hartlik uitgenooi om deel te neem aan die baie belangrike demokratiese prosesse waarby lede hul verkose leiers sal kan verkies.

Die SAOU se grondwet onderskryf die reg van elke opbetaalde SAOU-lid om sy/haar demokratiese verantwoordelikheid d.m.v. dié prosesse te kan uitvoer. Die toekoms van SAOU is baie belangrik en elke lid word aangemoedig om hierdie geleentheid te benut. Identifiseer nou reeds die potensiële leiers met die oog op formele nominering en om later vir sodanige persone te stem.

Hierdie demokraties verkose leiers sal sitting neem op die betrokke Provinsiale Uitvoerende Raad (PUR) en ook die Provinsiale Dagbestuur. Neem ook kennis dat die onderskeie PURe die Provinsiale Voorsitter en Provinsiale Ondervoorsitter verkies. Die geykte praktyk is dat die Provinsiale Voorsitter die provinsie op die Nasionale Dagbestuur verteenwoordig.

ELECTION OF SAOU LEADERS 2019

The attention of SAOU members is drawn to the fact that the current term of three years for the democratic elected SAOU members terminate at the end of 2019. Thus, SAOU members will have to identify, formally nominate and later elect leaders for the 2020 to 2022 term.

All SAOU members must take note that Election Newsletter 1 of 2019 will be forwarded on **26 August 2019** from the SAOU provincial offices and will initiate the process according to which the democratically elected leaders for the next term of three years must be elected. SAOU members are cordially invited to participate in the very important democratic processes that will enable members to elect their leaders.

The SAOU's constitution endorses the right of every paid-up SAOU member to exercise his/her democratic responsibility through these processes. The future of SAOU is very important and every member is encouraged not to miss the opportunity. Identify potential leaders timeously with the aim to formally nominate such a person and to later vote for him/her.

These democratically elected leaders will comprise the relevant Provincial Executive Council (PEC) as well as the Provincial Standing Committee. It is important to also note that the various PECs will elect the Provincial Chairperson and the Provincial Deputy Chairperson. The convention is that the Provincial Chairperson will represent the province on the National Standing Committee.

Die verkiesing van die lede van die provinsie se PUR vorm die basis waarop die demokraties verkose leiers amptelike mandate van lede ten opsigte van verskeie sake bekom. Hierdie mandate bepaal die koers wat die SAOU vir die volgende drie jaar sal volg. Elke lid kan dus deelneem aan die proses van mandatering en die bepaling van die koers van die SAOU. Dit is elke lid se reg.

Lede word aangemoedig om, eerstens, ten minste 3 SAOU lede in u SAOU-kring te nomineer. Die genomineerde kandidaat sal versoek word om die nominasie amptelik te aanvaar. 'n Lys van die genomineerde kandidate met hul verkorte CV's sal aan alle lede beskikbaar gestel word en gedurende 11 – 20 September 2019 sal die formele verkiesing by elke instansie waar SAOU lede diens lewer, onder die leiding van die instansie se SAOU Werkplekverteenwoordiger, plaasvind.

Neem kennis van die volgende:

- Uit elke kring moet drie kringorganiseerders verkies word en die verkose lede vorm dan deel van die Provinsiale Uitvoerende Raad (PUR).
- Wanneer lede dus nominasies maak, moet die vereistes van die SAOU Grondwet in gedagte gehou word. (Daarvolgens word verlang dat jonger persone, mans en dames, alle rasse, gestremdes, ook op die PUR dien.)
- Elke lid mag 'n maksimum van drie lede uit die kring nomineer as Kringorganiseerders. Indien slegs drie persone uit 'n bepaalde kring genomineer word, sal hulle as wettig verkose beskou word.
- 'n Aparte nominasievorm sal vir elke genomineerde voltooi moet word.
- Die genomineerde sal sy/haar instemming tot die nominasie en verkiesing moet verleen. 'n Ondernemingsvorm sal aan elke genomineerde voorsien word. Die inligting daarop sal ook as CV dien.

The election of the members of the province's PEC form the basis on which the democratically elected leaders obtain official mandates from members. These mandates determine the course that the SAOU will follow for the next three years. Thus, every member can participate in the process of mandating and to determine the course of the SAOU. It is every member's right.

Members will be encouraged, firstly, to nominate at least 3 SAOU members in your SAOU circuit. The nominated candidate will be requested to formally confirm the nomination. A list of nominated candidates with their shortened CVs will be made available to all members and during 11- 20 September 2019, the formal election at each institution where SAOU members are employed, will be conducted under the guidance of the institution's SAOU Workplace Representative.

Please note the following:

- Three circuit organisers must be elected in each circuit and these elected members will comprise the Provincial Executive Council (PEC).
- When members nominate a person the requirements of the SAOU Constitution must be borne in mind. (Accordingly it is required that younger members, men, women, all races and disabled persons must also be represented on the PEC.)
- Each member may nominate a maximum of three members in their circuit as a Circuit organiser. If only three people from a particular circuit are nominated, they will legally be regarded as the duly elected members.
- A separate nomination form must be completed for each nominee.
- The nominee must give his/her consent to the nomination and election. A commitment form will be provided for completion by each nominee. The information therein will also serve as a CV.